



Tuks se vroue-A-span verlede week in aksie in Port Alfred.

Foto: SARAH STEVENS

#### Wilhelm de Swardt

**T**uks behouf werklik 'n droomjaar wat sport betref met die een span ná die ander wat titels inpalm.

Verlede week in Port Alfred is Tuks se roeiers as die Suid-Afrikaanse Studentekampioenspan gekroon.

Hulle is die sewende sportspan van Tuks wat dit vanjaar vernag.

Tuks se vroue-hokkie-span, gholf, judo, swem, vlogbal- en skaakspan het ook almal nasionale studentetitels verower.

Tuks is ook besig om homself in die onderskeie Varsity-toernooie te laat geld. Hulle het

reeds die toernooie vir rugby, vroue-hokkie en atletiek gewen. Die sokkerspan speel more teen die TUT in die Varsity Sokker-eindstryd.

Daar is 'n goeie kans dat die netbalspan ook vir die Varsity-eindstryd sal kwalifiseer. Kry hulle dit reg, sal dit die eerste keer wees dat die spanne van een universiteit in ses van die sewe Varsity-eindstryde in aksie is.

Tuks se krieketspan het teen die Fiske in die eindstryd verloor.

Tuks se roeiers het met bestendigheid verseker hy word as die algehele universiteitskampioenspan gekroon.

In Port Alfred het hy drie van die vier agtmans-span-wedstrijde gedurende die "Boat Race Regatta" gewen. Tuks het vroeër ook die snelroeis-regatta en die binnenshuise roeilyeenkoms oorheers.

Tuks se mans-A-span het Rhodes in Port Alfred in die eindronde met 14 sekondes geklop; die vroue-A-span was te sterk vir die Universiteit van Johannesburg en die vroue-B-span het Witte geklop. Tuks se mans-B-span is in die eindstryd deur die Universiteit van Kaapstad geklop.

As Tuks se mans-aanstaande jaar weer die agtmans-wedstrijde wen, sal hy een van die oudste

Suid-Afrikaanse roeirekords swemmer. Die span sege reeds met negen agtereenvolgende seges. Rhodes het tien agtereenvolgende seges behaal.

Die boot se stuurman, Jason Hunter, spog met die unieke prestasie dat hy Tuks tot ses van die negen seges aangespoor het.

Hy luiwer nie om vanjaar se sege uit te sonder as baie spesiaal nie. Daar is 'n goeie rede daarvoor. Verskeie lede van verlede jaar se span moes hulle aan die Boat Race onttrek omdat hulle Suid-Afrika by die Wereld-roeilyeenkoms in Florida, VSA, verteenwoordig. Dit het beteken dat die afrigter, Mpumi Giza,

byna 'n hele nuwe span moes saamstel.

Hunter geniet die uitdaging om die stuurman te wees.

"Behalwe om die boot te stuur en seker te maak ons raak nie gestrand op 'n sandbank nie, is ek die een wat besluit hoe vinnig daar geroei word. Ek is ook die een wat die roeiers moet motiveer om vas te bly wanneer hulle liggare begin om te rebel-leer. En dit is opwindend."

Testi Alves, die vroue se stuurman, erken sy was erg emosioneel nadat hulle gewen het en met goeie reg want die laaste keer dat Tuks se vroue-A-span die Boat Race kon wen was in 2014.